

Kommer oor Afrikaans as geloofstaal

16 Augustus 2023

Christa Steyn-Bezuidenhout

Die toenemende afskaffing en verskraling van Afrikaans in kerkverband is hoogs problematies vir Afrikaanse geloofsgemeenskappe.

Dit was die gevoel onder akademici, filosowe, rolspelers uit verskeie geloofsgemeenskappe en belangstellendes wat verlede week aan die Afrikaanse Taalraad (ATR) se geloofstaalsimposium in Wellington deelgeneem het. Daar is uiteenlopende perspektiewe geopper in reaksie op die ATR se uitnodiging om saam oor Afrikaans as geloofstaal te beraadslaag.

"As jy iets sê wat uit jou hart uit kom, is dit geweldig moeilik om dit in 'n ander taal te probeer verwoord. Hoe kommunikeer jy met jou Skepper in 'n tweede taal?" het dr. Hendrik Theys, verbonde aan die ATR, gevra.

Ds. Nelis Janse van Rensburg, moderator van die NG Kerk, is van mening dat Afrikaans seggenskap as geloofstaal kan verloor as dit nie meer 'n aktiewe rol in die gemeenskap vervul nie.

"As Afrikaans nie die taal van mense se harte gaan wees nie, as die taal nie metafore gaan vind om te sê daar is 'n alternatiewe, beter lewe nodig as wat ons tans in Suid-Afrika het nie, en as Afrikaans as kerk- en geloofstaal nie 'n taal gaan wees wat uitdaag nie, sal dit sy sêkrag verloor."

Dr. Braam Hanekom, direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis, en Carel Boshoff, die hoof van die Vryheidstigting, het daarop gewys dat dit wel nie die kerk se plek is om hom met taalkwessies te bemoei nie.



Ds. Nelis Janse van Rensburg, moderator van die NG Kerk. (Foto: Maroela Media)



"Ons eerste taak is die verkondiging van 'n evangelie, nie 'n taal nie," meen Hanekom, terwyl Boshoff gesê het dat "dit nie 'n geloofsgemeenskap se werk is om taalaktivisties te wees nie".

Theys het aangevoer dat godsdienste 'n integrale deel van taal en menswees is. "Dit is 'n voertuig om waardes en kultuur oor te dra. Daarom is dit veral belangrik om te kyk hoe ons kan help dat kinders van kleins af waardes leer, in 'n taal wat hulle verstaan."

Hy voer aan dat daar dikwels kommunikasiegapings in geloofsverband ontstaan wanneer kerke gerieflikheidsontalwe op eentaligheid ter wille van 'n klein minderheid besluit. Dit is ook dan dikwels ten koste van die groot meerderheid Afrikaanssprekers.

Dit is onder meer die geval by die [AGS Eersterust, Pretoria](#). Hoewel dié gemeenskap hoofsaaklik Afrikaans is, het die gemeente ter wille van 'n minderheidsgroep van meertaligheid na Engels-eentaligheid geskuif.

Theys het ook na 'n Afrikaanse gemeente in Eersterivier verwys waar ondeurdragte taalbesluite 'n groot impak op gemeentede se bywoning het omdat hulle gewoon nie die prediking in Engels verstaan nie.

Niet so het die NG Kerk Andrew Murray in Johannesburg besluit dat Engels 'n samebindende bron is en daarom het dié gemeente ook verengels. "Ons weet nie of dit wel samebindend is nie, want geen proses is gevolg om te bepaal wat die gemeente se behoefte is nie," sê Theys.

Dié simposium is in samewerking met Hugenote Kollege by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit aangebied en dit vorm deel van die ATR se fasilitering van 'n uitgebreide navorsingsprojek oor die huidige stand van Afrikaans as geloofstaal.

Prof. Wannie Carstens, buitengewone professor aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en navorsingsgenoot van die ATR, het ook die noue verband tussen Afrikaanssprekendes se taal en hulle geloof benadruk.

"Afrikaanssprekendes en hulle geloof is nou versoen. Dit sien ons in die manier waarop jy uiting gee en jouself uitdruk. Geloof bepaal ook die maniere waarop ons leef, en die besluite wat jy neem word hierdeur gerig."

Hy verduidelik dat die simposium ten doel het om verskillende Afrikaanse geloofsgemeenskappe bymekaar te bring. Dit is dus 'n vertrekpunt vir 'n wye spektrum gelowe om saam oor die behoeftes, uitdagings en toekoms van Afrikaans binne die geloofsdomein te begin gesels.

"Hierdie verskeidenheid denominasies wat aan die gesprek deelneem illustreer geloofsdiversiteit, en dit wys dat geloof op verskillende maniere aangepak word.

"As gevolg van geloofsverskeidenheid is daar nie eenduidigheid in die benadering tot geloof nie. Ons beleef dit op verskillende maniere en daarom verskil die wyse waarop geloofsbeoefening plaasvind."

Carstens het 'n paar voorstelle gemaak oor hoe die pad vorentoe lyk om te bepaal wat die huidige stand van Afrikaans in die geloofsdomein is.

Moontlike temas wat hy geïdentifiseer het, is die rol van taal in die kerk, taal in die uitleef van geloof, hoe geloof en Afrikaans as geloofstaal in 'n meertalige samelewing hanteer word, variëteite van Afrikaans in geloofsbeoefening, en Afrikaans se rol as versoenings- en vredestaal.

Indien jy aan die navorsingsprojek wil deel neem of enige navrae het, kan jy 'n e-pos aan die Afrikaanse Taalraad stuur na ATR@afrikaansetaalraad.co.za.



Simposiumgangers wat die Afrikaanse Taalraad en Hugenote Kollege se geloofstaalsimposium in Wellington bygewoon het. (Foto: Maroela Media)



Van links na regs: Marius Nel (AGS) en Bernard Combrinck, projekteur van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans. (Foto: Maroela Media)

Deel van: [Afrikaans, Nuus](#)

📌 Afrikaanse Taalraad 📌 godsdiens

Jy moet deel van Maroela-fontein wees om kommentaar te lewer.

teken in of word deel

1 kommentaar

⚡ 🔥 oudste ▾

Diepoppie © 1 minuut gelede

As die predikante nie hulle kerke meer wil "modiniseer" nie dan gaan hulle uitsterf. Ons NG kerk is vir jonger en ouer mense. As jonger mense orrel musiek hoor dan hol hulle die vlaktes in want dan weet jy dit gaan verveelig wees. Ek was so maand terug by n begrafnis wat nog die ou manier van preuk gebruik, ekt amper aan die slaap geraak. Tyd om bietjie daaroor te dink..

😊 0 0 😊